WELKOM
BY
DIE HOËRSKOOL WAGPOS

Die Beheerliggaam, personeel en leerders verwelkom u en u kind by voorbaat by DIE HOËRSKOOL WAGPOS.
Sedert die skool in 1928 as 'n Landbouvakskool gestig is, het die skool gegroei tot 'n volwaardige akademiese en beroepsgerigte skool.
Vanaf 2006 sal vakke in die volgende studierigtings aangebied word:

Landbou en Natuurbewaringstudies
Besigheid- en Bestuurstudies
Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie
Fisiese, Wiskundige, Rekenaar- en Lewensstudies
Dienste

Die skool het 'n ryk geskiedenis en ons oudleerders behaal voortdurend sukses in 'n groot verskeidenheid sektore van die samelewing.
WAGPOS is ± 6 km buite Brits op die Rashooppad geleë Die terrein bestaan uit 'n plaas van ongeveer 365 ha waarvan die grootste gedeelte weiveld is.
Aangesien die skool se doel is om aan elke leerder die geleentheid te bied om sy of haar potensiaal ten volle te ontwikkel, waardeer ons ons ouers se opregte belangstelling en deurlopende betrokkenheid en motivering. Die skool is daartoe verbind om 'n leerder op sy pad na volwassenheid by te staan, sodat hy/sy nie net 'n volwaardige landsburger sal wees nie, maar 'n positiewe, verantwoordelike persoon wat sy plek in die arbeidsmark en in die samelewing sal kan volstaan.
Ons vertrou dat u en u kind 'n baie gelukkige en suksesvolle verbintenis met hierdie skool gaan hê. Wees verseker dat die hoof, personeel en Beheerliggaam se deur altyd oop staan - u is welkom om enige probleme of behoeftes met ons te bespreek.

VISIE EN MISSIE

VISIE

Die Hoërskool Wagpos streef daarna om 'n Afrikaanse Hoërskool daar te stel wat:

- die Akademiese vordering van leerders altyd voorop stel;
- 'n verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite aanbied wat 'n leerder se hoërskool opvoeding sal afrond;
- ons unieke, karakter in stand sal hou en beskerm;
- poog om na die behoeftes van ons leerders en al ons ander belangegroepe om te sien;
- gebalanseerde, gelukkige, suksesvolle en volwasse jongmense te help vorm wat 'n positiewe bydrae tot die breë gemeenskap sal kan maak.

MISSIE

Ons streef daarna om kwaliteit onderrig te gee deur:

- vir elke leerder die beste moontlike geleenthede te skep om binne sy/haar vermoë op
  - Akademiese; en
  - Sport en kulturele gebied te presteer.
- opvoedende onderrig in **Afrikaans** aan elke leerder te verskaf, deur die volgende **vyf** studierigtings:
  - **Landbou en Natuurbewaringstudies**
  - **Besigheid- en Bestuurstudies**
  - **Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie**
  - **Fisiese, Wiskundige, Rekenaar- en Lewensstudies**
  - **Dienste**
- As Beheerliggaam, ouers, personeel en leerders aanvaar ons die volgende:
- **Die Hoërskool Wagpos** is gegrond op 'n Christelike lewensbeskouing. Die oppergesag en almag van God Drie-enig word erken. Geloofsvryheid word verseker.
- Die gesin vorm dié primêre opvoedingsbasis van elke leerder. Daar word van ons leerders verwag om volwasse persone se gesag te erken en te aanvaar. Volwassenes sal daarna streef om elke leerder met respek, geduld en begrip te lei en te ondersteun.
- Die goeie naam en belange van die skool is van groot belang. Daar word dus van leerders en personeel verwag om te alle tye, deur ons gedrag, optrede, taal en denke die goeie naam van die skool in ag te neem en te bevorder.
- Die beginsel van vreedsame naasbestaan word erken. Leerders en opvoeders is in 'n vennootskap en daarom moet daar deurentyd gebou word aan wedersydse positiewe gesindhede.
- Hoë standaarde is nie onderhandelbaar nie en moet behou en steeds verder verhoog word om sodoende

te voldoen aan die behoeftes van ons leerders. 'n Positiewe en gesonde leerkultuur is dus van deurslaggewende belang.

- Die beginsel van gebalanseerdheid word onderskryf en daarom streef elkeen daarna om dit uit te leef deur aan die grootste moontlike verskeidenheid aktiwiteite deel te neem en 'n bydrae te lewer.

TOELATINGSBELEID EN VEREISTES

Leerders word vanaf Graad 8 in WAGPOS toegelaat indien hulle Graad 7 geslaag het. Dit is natuurlik belangrik dat leerders 'n belangstelling en/of aanleg toon in die studierigtings wat by WAGPOS aangebied word, aangesien dit uit ondervinding duidelik is dat 'n leerder wat in 'n verkeerde studierigting geplaas is, gefrustreerd en ongemotiveerd is. Graad 9 - 12 aansoeke sal, met inagneming van omstandighede, na verdienste oorweeg word. Hierdie aansoeke sal deur middel van 'n onderhoud deur die betrokke DSO of Hoof oorweeg word. 'n Rapport en oorplasingskaart moet elke aansoek vergesel.

BELEID

Die beleid wat tans gevolg word, is opgestel in ooreenstemming met dié van:

Die Departement van Onderwys
Noordwes Ondewysdepartement
Privaatsak X2044
MMABATHO
2735

Die skool het ook 'n volledige Skoolbeleid waarin alle sake rakende die skool vervat is.
Die volledige Skoolgrondwet is verkrygbaar by die Skoolhoof of Voorsitter van die Beheerliggaam.

TOELATINGSVEREISTES

Hierdie toelatingsbeleid word deur die beheerliggaam van Die Hoërskool Wagpos aanvaar ooreenkomstig:

1. Die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996;
2. Die bepalings van artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996;
3. Die bepalings van artikel 17(4) van die Noordwes Skoolonderwyswet;
4. Die ouderdomsvereistes vir toelating tot 'n gewone openbare skool vervat in Algemene Kennisgewing 2433 (Staatskoerant 19377) van 19 Oktober 1998.

Voorkeur tot toelating tot die skool word gegee aan leerders uit die natuurlike voedingsgebied van Die Hoërskool Wagpos.

1. 'n Inskrywingsvorm wat deur die hoof vasgestel word, moet deur die ouer of ouers van die leerders voltooi word asook alle voorgeskrewe vorms vereis deur die Noordwes Onderwysdepartement. Ouers sal verplig wees om alle inligting wat redelikerwys deur die skoolhoof van die ouers verlang word, te verstrek. Daar sal nie teen voornemende leerders gediskrimineer word op enige van die gronde vermeld in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996, nie of op enige van die volgende gronde nie:
   1.1 Die onvermoë van die ouer/ouers van die leerder om skoolgeld te betaal; of
   1.2 Weiering deur die ouer/ouers van die voornemende leerder om 'n vrywaringvorm te onderteken.
2. Slegs leerders wat binne die voorgeskrewe ouderdomsvereistes is, sal tot die skool toegelaat word. Die voorgeskrewe ouderdomsnorm is die graad plus 6 en geen afwyking van meer as 2 jaar weerskante van die norm sal toegelaat word nie.
3. Voornemende leerders moet bereid wees om in Afrikaans as onderrigtaal onderrig te word.
4. Bewys van ouderdom van voornemende leerders moet deur die voorlegging van die geboortesertifikaat gelewer word.
5. Indien leerders reeds vantevore by ander skole ingeskryf was, moet bewys van vordering tot bevrediging van die skoolhoof gelewer word. (Rapport van vorige skool/oorplasingsertifikaat)
6. Leerders met 'n kriminele rekord en/of wat uit ander skole uitgesit is vanweë ernstige dissiplinêre oortredings, sal nie tot die skool toegelaat word nie.

VAKPAKKETTE EN STUDIERIGTINGS

GRAAD 8 EN 9:

Die Nasionale Onderwysbeleid bepaal dat alle hoërskole vir alle Graad 8-leerders die voorgeskrewe agt leerareas moet aanbied. Die beleid bepaal voorts dat 27½ ure per week aan die agt leerareas afgestaan word. By Die Hoërskool Wagpos word die leerareas só ingerig en verryk, dat dit voorsiening maak vir die leerder wat in 'n besondere studierigting wil studeer. Leerders sal ook deur verdere verryking deeglik voorberei word vir gespesialiseerde vakke (bv. Tegniese Teorie in die onderskeie sentrums en Landbou prakties) wat in die onderskeie studierigtings voorkom. Ons goed toegeruste sentrums, unieke plaasopset met verskeie aktiwiteite en goeie fasiliteite, maak daarvoor voorsiening dat die spesifieke uitkomste wat deur die leerareas daargestel word, op 'n leersame, verrykende en sinvolle manier bereik kan word, sonder om ekstra onderrigtyd in te ruim.

GRAAD 10 - 12:

Vanaf 2006 kan 'n leerder wat 'n amptelike Graad 9-rapport van 'n skool ontvang het, inskryf vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) by Wagpos. Dit faseer verder in vir die Graad 11's in 2007 en die Graad 12's in 2008.
Die **vier verpligte vakke** wat 'n leerder moet neem, is:

1. Moedertaal - Afrikaans.
2. Eerste addisionele Taal - Engels
3. Wiskunde of Wiskundige geletterdheid.
4. Lewensoriëntering.

Die leerder kan dan enige ander drie vakke kies uit die lys hieronder:

Landbouwetenskap	Ingenieursgrafika en Ontwerp
Landboubestuurspraktyk	Lewenswetenskappe
Landboutegnologie	Gasvryheidstudies
Reis en Toerisme	Rekeningkunde
Inligtingstegnologie	Siviele Tegnologie
Fisiese wetenskappe	Elektriese Tegnologie
Rekenaargebruikerstegnologie	Meganiese Tegnologie

Vakke vir graadstudietoelating (tans bekend as universiteitstoelatingsvakke)

- Rekeningkunde
- Ingenieursgrafika en ontwerp
- Inligtingstegnologie
- Fisiese Wetenskappe
- Landbouwetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Tale ('n Taal van Onderrig en Leer (TOL) by 'n hoër opvoedkundige instansie en een ander erkende taal)

Vereiste minimumpersentasies

- Vir graadstudies (tans bekend as universiteitstoelating):
  50% in vier van die vakke in bogenoemde lys.
- Vir diplomastudies:
  40% in enige vier Nasionale Seniorsertifikaatvakke (m.a.w. bogenoemde lys)
- Vir sertifikaatstudies:
  Geen vereiste minimumpersentasies nie, die kandidaat moet bloot die NSS verwerf.

Rapporte/Verslag/Vorderingsverslag:

Indien persentasies gebruik word om prestasies en vlakke van bemeestering te meet, word die volgende tabel gebruik.

PERSENTASIE %	VLAKKE
1 % - 39 %	1 nie bemeester
40 % - 49 %	2 gedeeltelik bemeester
50 % - 69 %	3 bemeester
70 % - 100 %	4 buitengewoon bemeester

GETC (General Education and Training Certificate)
AOOS (Algemene Onderwys en Opleiding Sertifikaat)
Aan die einde van Graad 9 reik die skool namens die Noordwes Onderwysdepartement 'n verklaring/sertifikaat uit wat toelating verleen tot die Nasionale Senior Sertifikaat (Gr. 10 - 12).

KURSUSSE

Leerders kan op eie koste enige van 'n reeks kursusse wat deur die skool aangebied word, volg en sodoende vir homself 'n portefeulje opbou wat nie net verrykend kan wees nie, maar ook tot sy/haar voordeel kan wees by die kwalifisering vir 'n beroep.:

Sweiskursus
Loodgieterskursus
CAD-Kursus

Ons onderhandel tans met verskeie instansies om 'n groter verskeidenheid van hierdie gewilde en lewensverrykende kursusse by die skool aan te bied.

BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

By WAGPOS glo ons dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves en daarom is sport en kultuur vir ons baie belangrik. Daar word ook gepoog om aan elke leerder die geleentheid te bied om deel te neem.
Die volgende sportsoorte word binne skoolverband aangebied:

Atletiek	**Landloop**	**Rugby**
Krieket	**Tennis**	**Sagtebal**
Netbal	**Skaak**	**Swem**
Ruiterkuns	**Skyfskiet**	

Verder word leerders aangemoedig om ook aan ander sportsoorte deel te neem en word daar ook erkenning gegee vir :

Stoei; Boks; Hengel; Swem; Balle; Bordrugby ens.

Op die Kultuurfront neem leerders deel aan:

Redenaars, Kunswedstryd; Revue; CSV; Toneel; Skoolkoerant; Drama en Debatsaande.

Leerders word ook gereeld die geleentheid gebied om hulle op verskeie terreine op provinsiale en nasionale vlak te toets en te kwalifiseer. Byvoorbeeld:

Wiskunde Olimpiades. Ekspo Uitstalling vir jong wetenskaplikes, Taalbondeksamens en Afrikaanse Olimpiades

Ander terreine waarop leerders hulle kan uitleef, sluit in

Koerantredaksie, Media, Noodhulp, Kaskarwedstryd, Talentaande, Mnr & Me Wagpos

Arendprojek: Motivering om leerders aan te moedig om deel te neem of te ondersteun en om diens te lewer.

SKOOLDRAG

SOMER:	WINTER:
Seuns (Graad 8 - 11):	
Groen kortmouhemp	Groen hemp
Olyfgroen kortbroek	Olyfgroen kort- of langbroek
Grys kouse (met skoolkleurstrepie)	Grys kouse (met skoolkleurstrepie)
Swart toerygskoene	Swart toerygskoene
Groen skooltrui	Groen skooltrui
Sweetpakbaadjie	Sweetpakbaadjie
Groen kleurbaadjie	Groen kleurbaadjie

Mag met formele geleenthede ‘n wit hemp en das dra maar kleurbaadjies is dan verpligtend

Seuns Matriekdrag:	
Wit kortmouhemp	Wit hemp
Donkergroen langbroek	Donkergroen langbroek
Grys kouse	Grys kouse
Swart toerygskoene	Swart toerygskoene
Groen skooltrui	Groen skooltrui
Sweetpakbaadjie / Groen kleurbaadjie	Sweetpakbaadjie / Groen kleurbaadjie
Matriekbaadjie	Matriekbaadjie
Meisies (Graad 8 - 11):	
Wit kortmouhemp	Wit hemp
Groen romp/rompbroekie	Olyfgroen langbroek of groen romp
Wit sokkies	Swart sykouse
Swart skoene (toeryg- of bandjietipe)	Swart skoene (toeryg- of bandjietipe)
Groen skooltrui	Groen skooltrui
Sweetpakbaadjie / Groen kleurbaadjie	Sweetpakbaadjie / Groen kleurbaadjie

Meisies (Matriekdrag):

SOMER:
Wit kortmoubloes
Groen romp/rompbroekie
Wit sokkies Swart skoene (toeryg- of bandjietipe)
Groen skooltrui
Sweetpakbaadjie
Groen kleurbaadjie
Matriekbaadjie

WINTER:
Wit hemp
Donkergroen langbroek of groen romp
Grys kouse by langbroek
Sykouse (Blackmail) by romp
Groen skooltrui
Sweetpakbaadjie
Groen kleurbaadjie
Matriekbaadjie

SKOENE:

Swart toerygtipe
Geen diksoolskoen of stewels
Geen tekkies

Geen uitspattighede of modegiere
Seuns dra toerygtipe skoene
Meisies dra toeryg- of bandjietipe skoene

DAS:

Skooldas: groen met skoolwapen
Geleentheidsdas: Groen met skoolwapen en daaronder die span/groep se naam.
Die jaartal kan onder die naam geplaas word.
'n Das word gedra by wintersdrag, wanneer openbare optrede dit verwag, of wanneer 'n groep vooraf so afspreek.
Wanneer 'n hemp tot bo toegeknoop word, moet 'n das gedra word

MATRIEKDRAG:

Kan gedra word deur matrikulante op Vrydae, tydens bywoning van funksies, ander spesiale geleenthede of wanneer vooraf gereël en die hele groep daarvan kennis dra.
Kan ook deur ander leerders gedra word vir spesiale geleenthede, soos bv. kooroptredes, ens. wanneer dit deur die personeel so gereël word. Goedkeuring hiervoor moet vooraf by die Bestuur verkry word.

GROEN KLEURBAADJIE:

Gewone groen kleurbaadjie mag deur alle leerders gedra word; balkies word onder sakwapen vasgewerk.
Erekleure baadjie erekleure-wapen op sak kan gedra word deur leerders wat erekleure verwerf het.
Kleurbaadjie met goue koord word deur Dienskomitee, Koshuiskomitee en Dagbestuur van die VLR gedra.

ANDER DRAG:

Leerders wat Provinsiale kleure verwerf het, mag die uitstapdrag van daardie aktiwiteite op Vrydae dra.
Dit is ook aanvaarbaar dat die sweetpakbaadjie van die betrokke sport by die skoolklere gedra word op Vrydae, maar 'n provinsiale sweetpakbroek en tekkies is nie toelaatbaar nie.

ALGEMEEN:

Indien hierdie kleredragreëls oortree word, is dit 'n oortreding van die skoolreëls.
Leerders mag onder geen omstandighede rook, drank gebruik, ens. indien hy/sy is in skoolklere geklee is nie. Hierdie reël geld selfs indien 'n leerder by sy/haar ouers is.
Leerders moet te alle tye netjies en ordentlik geklee wees, indien hy/sy skoolklere aanhet. Dit geld veral wanneer leerders in die dorp rondbeweeg, aangesien dit 'n bepaalde beeld uitstraal.
Skooldrag moet ten volle gedra word. Geen ander klere mag saam met skooldrag gedra word nie.
Wanneer 'n leerder in skooldrag geklee is, moet dit te alle tye netjies wees. Geen hemde wat uithang, afgesakte kouse, ens. sal geduld word nie.
Sportdrag word duidelik omskryf en met leerders bespreek net voor die seisoen. Die leweransiers dra ook kennis van die toepaslike sportdrag. Daar bestaan drie amptelike leweransiers:

LEWERANSIERS:

HAGELS Mnr Ghoor Tomstraat 11 **BRITS**	**LA VARE MODES** Me Sue Steyn Sielingsentrum H/v Pienaar- en Macleanstrate **BRITS**
Tel: (012) - 2520960	Tel: (012) 2520239

KOSHUISE

'n Totaal van 437 leerders kan gehuisves word in die twee koshuise wat elk uit 'n aantal gange bestaan. In elke gang word senior leerders as Koshuiskomiteelede aangestel en staan onder beheer van 'n diensdoenende onderwyser wat as gangvoog optree.

HIERBEGIN-koshuis word onderverdeel in drie kleiner eenhede, nl. Hierbegin, Tussenin en Amperbo en huisves seuns.

UITKOMS-koshuis bestaan uit Olienhout, Tambotie, Wilger, Karee en Maroela. Hierdie koshuis huisves dogters.

By WAGPOS se koshuise word daar nie net gepoog om kosgangers behoorlik te voed en te versorg nie, maar ook om die leerders in ons sorg teen 'n Christelike agtergrond in 'n huislike atmosfeer te lei tot volwassenheid.

KOSHUISREëLS

Geen koshuis kan funksioneer sonder 'n stel reëls en regulasies wat eerstens die kosganger beskerm, maar ook rigting en roetine aan hulle lewens gee nie. Gereelde tye en roetine laat 'n kind geborge voel en binne hierdie raamwerk kan die jongmenslewe ten volle geniet word.

Elke kosganger sal op hoogte gebring word van alle reëls en moet onderneem om hom/haar daarby te hou.

LOSIESGELD

Losiesgeld word deur die Beheerliggaam voorgestel vir goedkeuring op 'n ouervergadering en is streng kwartaalliks vooruitbetaalbaar. Geen uitsondering kan gemaak word nie en die Beheerliggaam het bepaal dat geen leerder in die koshuis toegelaat mag word, alvorens sy losiesgeld betaal is nie.

Indien per tjek betaal word, moet dit uitgemaak word aan**: DIE HOëRSKOOL WAGPOS.** Die gelde kan ook direk in die skool se bankrekening inbetaal word :

EERSTE NASIONALE BANK, TAKKODE 260146, TJEKREKENINGNR. 62059535991

SAKGELD

Daar bestaan 'n fasiliteit in die kantoor waar leerders se sakgeld inbetaal kan word vir veilige bewaring, sodat u kind nie groot bedrae in sy besit het nie. Sakgeld kan op Woensdae en Vrydae gedurende pouses getrek word. Slegs kontant kan inbetaal word.

VERVOERREëLINGS

'n Privaat organisasie, Le Roux Toere, Hercules Pretoria (Tel. 012 543-2190) behartig die vervoer van koshuisleerders van en na Pretoria. Die busse vertrek op Vrydae na skool en weer Sondagaande om 19:00 van Pretoria stasie. Die tarief is beskikbaar by bogenoemde telefoonnommer.

WASHUIS

Kosgangers gee hul wasgoed van Maandag tot Donderdag voor ontbyt by die eetsaal in en ontvang dit weer die volgede middag. Indien u van die washuis gebruik maak, moet die kosganger se klere behoorlik gemerk wees met die wasgoednommer wat aan u kind toegeken is. Gebruik asseblief 'n merkpen en merk die klere duidelik en op 'n sigbare plek (kraag by hemp en rek by broek).

KLEREDRAG BY KOSHUISE

Ons wil graag (net soos u) u kind leer om netjies op sy persoon te wees. Hier sal dus gelet word op higiëne. Algemene netheid is belangrik en geen uitspattighede kan geduld word nie.

U as ouer ken u kind en weet wat sy/haar behoeftes is. Pak genoeg draklere in vir die tye wanneer leerders nie by die skool is nie. Slaapklere, warm klere, swembroek, genoeg onderklere, sakdoeke en twee handdoeke word voorgestel. Elke kosganger is verantwoordelik vir sy/haar eie toiletbenodigdhede.

Netjiese klere word verlang wanneer leerders naweke in bly om mee kerk toe te gaan en vir aandetes.

STUDIETYE

Leerders studeer in elke koshuis se studiesaal onder toesig van die diensdoende onderwyser. Matrikulante en leerders wat goed presteer, word die geleentheid gebied om in hul kamers te studeer. Studietye is verpligtend, en indien 'n leerder langer wil studeer, is die studiesaal tot sy/haar beskikking.

Normale studietye:	Middagstudie:	14:30 - 15:30
	Aandstudie:	19:00 - 21:00 en 21:20 - 22:00
Eksamentyd:	Middagstudie:	14:15 - 15:45
	Aandstudie:	19:00 - 21:00 en 21:20 - 22:00

KLINIEK EN DOKTERSAFSPRAKE

Elke koshuis besit 'n kliniek waar kosgangers na elke ete aanmeld vir behandeling en om doktersafsprake te reël. Ernstige gevalle word onmiddellik na die plaaslike hospitaal geneem. Dra asseblief sorg dat die inligting op die vorms ten opsigte van dokters, mediese fondse en apteekrekening behoorlik ingevul is en op datum gehou word.

KAMERS, GANGE EN BADKAMERS

Linne kan by die koshuis verkry word en dan is die leerder daarvoor verantwoordelik. Dit word weekliks geruil. Die meeste leerders verkies egter om eie linne van die huis af saam te bring. ('n Laken om die matras te beskrem is belangrik.)

'n Goeie slot is 'n moet en kaste moet te alle tye gesluit wees. Die spaarsleutel moet in 'n koevert met die kosganger se naam daarop, by die gangvoog ingegee word.

Die netheid van die kamers, gange en badkamers is die verantwoordelikheid van die kosgangers, maar vloere, mure en vensters sal deur die huishoudelike personeel hanteer word.

ALGEMEEN

Aangesien konsiderasie en medemenslikheid in 'n koshuis van uiterste belang is, sal kleredrag, goeie maniere, stilte en algemene gehoorsaamheid 'n belangrike rol speel. Leerders wat nie by die reëls hou nie, sal nie in die koshuis geduld word nie. Die volgende telefoonnommers kan van belang wees:

HIERBEGIN : (012) 2555840; 2555620; 2555730 - (Seuns).
UITKOMS : (012) 2555958; 2555988; 2555001 - (Meisies).

Gedurende naweke moet kosgangers aandui waarheen hulle gedurende die naweke gaan, in oorlegpleging met die ouer/voog. Kosgangers moet weer voor 21:00 op Sondagaande terug wees in die koshuise of Maandae tussen 05:45 - 07:00. Leerders teken elke Woensdagaand reeds uit.

Kosgangers wat gedurende die week die koshuis terrein moet verlaat, moet deur die ouer/voog self uitgeteken word. Indien iemand anders die leerder kom haal moet die ouer/voog die senior Huisvader vooraf skriftelik hiervan in kennis stel.

GELDE EN KOSTES

SKOOLGELD:

BANKBESONDERHEDE: EERSTE NASIONALE BANK, TAKKODE 260146, TJEKREKENINGNR. 62059535991

Skoolgeld is verpligtend en word jaarliks in Oktober hersien en op 'n ouervergadering goedgekeur.

SKOOLGELD
Toelatingsfooi betaalbaar op dag van registrasie. Dit maak deel uit van skoolgeld en sluit 'n T-hemp vir elke nuwe leerder in: Dit word jaarliks hersien
BETALINGSOPSIES
Skoolgeld per maand Februarie tot Oktober 10 maande
Skoolgeld per kwartaal: 1ste dag van kwartaal
Skoolgeld per jaar vooruit betaal (10% korting)
KOSHUIS
Koshuisgeld per kwartaal **STRENG VOORUITBETAALBAAR** Koshuisgeld per jaar vooruit betaal (10% korting)

1. Dat skoolgeld ooreenkomstig die bepalings van Artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet vasgestel is en sal soos volg gehef word :
2. Dat die begroting soos voorgelê deur die Beheerliggaam goedgekeur is en dat die Beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat mag ontstaan op begrote bedrae vir bepaalde items op die begroting aan te vul uit oorskotte wat mag ontstaan by ander items en verder onderworpe daaraan dat die totale begroting nie oorskry mag word sonder goedkeuring van 'n ouervergadering nie.
3. Dat die skoolgeld betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting voorgelê deur die Beheerliggaam.
4. Dat alle ouers die volle skoolgeld betaal tensy vrystelling verleen word ooreenkomstig Regulasie 1293 van 12 Oktober 1998 en die maatstawwe en prosedures soos hieronder uiteengesit.
5. Dat ouers wat aanvoer dat hulle nie in staat is om skoolgeld te betaal nie en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van skoolgeld aanspraak maak (hierna 'n "applikant" genoem), **kwartaalliks** by die Beheerliggaam aansoek moet doen om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolgeld.
6. Dat die applikant die Beheerliggaam moet oortuig dat hy of sy geregtig is op enige vrystelling:
   6.1. kragtens Regulasies 1293 van 12 Oktober 1998 is die volgende kategorieë van toepassing vir doeleindes van die vrystelling van 'n ouer van die betaling van skoolgeld;
   6.2. indien die gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van die ouers minder as tien keer die bedrag van die jaarlikse skoolgeld per leerder is, kwalifiseer die ouer vir volle vrystelling;
   6.3. indien die gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van die ouers minder as dertig keer die bedrag van die jaarlikse skoolgeld per leerder is, kwalifiseer die ouer vir gedeeltelike vrystelling;
   6.4. indien die gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van die ouers meer as dertig keer die bedrag van die skoolgeld per leerder is, kwalifiseer die ouer nie vir vrystelling nie.
7. Dat die applikant se aansoek:
   7.1. Skriftelik moet geskied in die vorm wat Regulasie 1293 voorskryf wat by die skool/Beheerliggaam beskikbaar is.
   7.2. Die applikant en ander persone wat kwalifiseer as 'ouers' soos gedefinieer in die SA Skolewet en enige ander verdiener in die huishouding se **totale jaarlikse** en maandelikse inkomste en uitgawe moet uiteensit met dokumentêre stawing waar moontlik.
   7.3. Die bates (teen markwaarde) en laste van die applikant moet uiteengesit word met dokumentêre bewys waar moontlik.
   7.4. Die gesinsamestelling van die applikant moet uiteengesit word.
   7.5. Moet aandui of daar om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van skoolgeld aansoek gedoen word.
   7.6. Elke moontlike relevante feit wat die applikant ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer, moet bevat.
8. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om inligting, wat na die oordeel van die Beheerliggaam nodig is vir die billik en regverdige beoordeling van 'n aansoek om vrystelling van die betaling van skoolgeld, aan te vra of in te samel.
9. Dat geen aansoek om vrystelling oorweeg sal word:
   9.1. Wat die Beheerliggaam nie bereik voor die einde van die eerste maand van elke kwartaal nie;
   9.2. wat nie voldoen aan die voorskrifte van die prosedure neergelê deur hierdie besluit nie, tensy die Beheerliggaam oortuig kan word dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat die laat oorweging van die aansoek of die nie nakoming van die prosedure regverdig.
10. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om 'n aansoek om vrystelling soos hierbo bedoel, te ontvang, te oorweeg en daaroor uitsluitsel te gee, aan 'n komitee van die Beheerliggaam op te dra.
11. Dat 'n applikant binne sewe dae nadat die besluit geneem is per brief daarvan in kennis gestel sal word.
12. Dat 'n applikant wat hom of haar veronreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee van die Beheerliggaam soos in paragraaf 10 bedoel, geregtig sal wees om binne vyf dae na ontvangs van die uitslag van sy of haar aansoek, skriftelik daarteen te appelleer by die Beheerliggaam. Die appèl sal nie deur die Beheerliggaam van die hand gewys word sonder dat die applikant geleentheid gebied is om mondeling aangehoor te word nie.
13. Dat, behoudens die reg van appèl na die Onderwyshoof soos bedoel in Artikel 40(2) van die SA Skolewet, die beslissing van die Beheerliggaam finaal is.
14. Dat die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die Beheerliggaam sal beoordeel of vrystelling in enige opsig verleen sal word, al dan nie, is of die applikant in staat is om die skoolgeld of 'n gedeelte daarvan te kan betaal soos in die maatstawwe neergelê in Regulasie 3 van Regulasie 1298 van 12 Oktober 1998 (Beskikbaar vir by die kantoor).
15. Dat hierdie besluit nie die ouer of die skool die reg ontneem om 'n reëling te tref om die skoolgeld te betaal op 'n ander wyse as die voorgeskryf deur hierdie besluit nie.

Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag te stel vir 'n vrystelling wat aan 'n applikant toegestaan word.

VOORSITTER VAN BEHEERLIGGAAM;
VOORSITTER VAN FINANSIëLE KOMITEE; &
HOOF

ANDER UITGAWES

Items soos sakrekenaars, boeke, tekenstelle, ens. is by die skool beskikbaar en 'n pryslys daarvan sal by registrasie beskikbaar wees.

SLOTOPMERKING

Ons neem graag die vrymoedigheid om u die versekering te gee dat ons hoogste strewe by WAGPOS steeds is om elke kind wat aan ons toevertrou word, gelukkig en tuis te laat voel in die skool en koshuis. Daarbenewens is dit ook ons ideaal om leerders te onderrig vanuit 'n Christelike standpunt en te bedien met gedissiplineerde onderwys en opvoeding, gerugsteun deur moderne onderrig, metodes en fasiliteite. Ons dra die belange van elke leerder na aan die hart, terwyl hulle op die pad na volwassenheid is.

Met u hulp, ondersteuning en samewerking kan ons slaag om die lewe hier by WAGPOS vir u kind sinvol, aangenaam en opbouend te maak. Ons nooi u hiermee vriendelik uit om enige probleem met die Hoof, Senior Huisvaders of Departementshoofde Opvoedkundige Leiding en Graadvoogde te bespreek.

Tel. ***(012) 2555646; 255647; 2555680 en 2555833.***
Faks ***(012) 2555568.***
U kan skryf aan: ***Die Hoof***
Die Hoërskool Wagpos
Privaatsak X5005
BRITS
0250
e-posadres: inligting@wagpos.co.za: wagpos@mweb@co.za
Webwerf: www.wagposhs.co.za

Brits Drukkery Tel: (012) 252 1370